Wes-Boland Eisteddfod

VIDEOGRAFIE
Gr. 8-12

Ons is opgewonde om vanjaar Videografie as 'n nuwe afdeling aan ons leerders bekend te stel as 'n ander vorm van fotografie en die kunste.
Hierdie afdeling is ongelukkig SLEGS VIR HOËRSKOOLLEERDERS en GEEN SELFONE mag hiervoor gebruik word nie. Die films (afneem, redigering, beligting, ens.) moet deur die leerders self gedoen word, pas by hul ontwikkelingsvlak en slegs werk van 'n hoë standaard mag ingeskryf word. Geen voorheen bekroonde werke word aanvaar nie.

Indien ander leerders as akteurs gebruik word, moet daardie leerders se ouers skriftelik toestemming gee dat die leerders die rolle mag vertolk. Enige ekstras of bystanders wat in die film verskyn moet ook skriftelik toestemming verleen dat hul in die film mag verskyn. Akteurs moet te alle tye betaamlik geklee wees. Geen kru of onwelvoeglike taalgebruik sal aanvaar word nie. Indien iemand se huis/besigheid in die film verskyn, moet die eienaar(s) skriftelike toestemming verleen.

Indien enige musiek of klank gebruik word wat kopiereg het, moet skriftelik bewys gelewer word dat daar toestemming gegee is om dit te gebruik.

RIGLYNE/VOORSTELLE:

- Elke film moet 'n duidelike struktuur toon (bv. bekendstelling van karakter(s), krisisontwikkeling, oplossing en uitkoms).
- Fokus veral op karakterontwikkeling, tesame met 'n goeie storielyn.
- Probeer 'n positiewe boodskap oordra.

• Enige genre mag gebruik word, maar wees bewus daarvan dat elke genre sekere kenmerke het wat deel moet vorm van jou film.
• Waar om te begin? Vra jouself: Wat as?... (What if?...)
• Films met 'n hoë standaard t.o.v. rolspel, klank, kamerawerk en ontwerp staan 'n beter kans om hoë punte te kry.
• Daar sal erkenning gegee word vir die verskillende afdelings bv. beste akteur/aktrise, redigering, kamerawerk, ens.

Die Wes-Boland Eisteddfod behou die reg voor om enige films wat nie van goeie smaak getuig, gepas is vir sensitiewe kykers nie, op enige wyse direk of indirek diskriminerend is of propaganda promofeer, te diskwalifiseer.

U inskrywing en deelname aan die afdeling, impliseer dat u ook bogenoemde voorwaardes aanvaar.

NAVRAE: Heléne de Clercq
082 8261 002 (tussen 14h30 en 20h00) of e-pos: jdc@kingsley.co.za

Wes-Boland Eisteddfod

Voltooi die volgende vorm SLEGS WAAR VAN TOEPASSING IS OP JOU FILM:

NAAM VAN FILM:_____	NAAM VAN FILMMAKER:_____
AKTEURS (slegs 'hoofrolle')	
NAAM VAN LEERDER:	NAAM VAN KARAKTER:
PRODUKSIE AFDELING	NAAM VAN LEERDER:
Klankontwerp	
Produksie ontwerp en stillering	
Kameraman	
Redigering	
Regisseur	

Wes-Boland Eisteddfod

TOESTEMMINGSBRIEF DEUR OUER:

Hiermee gee ek, ...

ouer/voog van .....

in ..... (skool) toestemming dat

my kind in ..... (leerder se naam)

se Wes-Boland Eisteddfod video-inskrywing mag optree as akteur/aktrise of om deel te wees van die produksiespan.

Handtekening van ouer/voog: .....

Kontak: .....

Datum: .....

Elke skool se fotografie/video-organiseerder moet asseblief die onderstaande vorm voltooi en e-pos na info@wbeisteddfod.co.za

voor/op die dag van video-inhandiging. Die sluitingsdatum is op dieselfde dag as die fotografie soos aangedui op die jaarprogram. Video's kan via Wetransfer gestuur word of op 'n dvd by CPM Malmesbury afgegee word voor 13:00 op die dag van sluiting.

KODE	GRAAD	AFDELING
VG 1	**SLEGS** **Gr. 8-12**	**A. VIDEO: EIE KEUSE (Geen selfoon opnames nie. Slegs kamera/videokamera)** **3 - 5 minute** **MAKSIMUM 8 KORTFILMS PER SKOOL** **Inskrywings: R25 per film**

Filmmaker se naam	**Skool**	**Gr. 8-12**	**AFDELING A: VIDEOGRAFIE**	
			KODE	Naam van film:
Bv. Fanie Flash		*8*	*VO 1*	*Jan Tuisbly*
1.			*VO 1*	
2.			*VO 1*	
3.			*VO 1*	
4.			*VO 1*	

5.			*VO 1*	
6.			*VO 1*	
7.			*VO 1*	
8.			*VO 1*	